

6 April

Wees versigtig vir die dinge waarvoor jy lus is!

Skriflesing: Psalm 106 (OAV); Numeri 11:4-20; 31-35
Fokusgedeelte: Psalm 106:14-15

In ons fokusgedeelte lees ons van die volk wat kos vra; die Here gee, en wanneer hulle daarvan eet, sterf baie Israeliete (Num 11:31-35). Hoe moet ons dit verstaan? Volgens Psalm 78:18-19 het die volk kos na eie sin geëis, is plaas van om dankbaar te wees vir dit wat hulle reeds van God ontvang het. Volgens Numeri 11 het hulle genoeg manna gehad om te eet. Daar was egter nie vleis nie. Dit was veral die gemengde bevolking (Num 11:4; Eks 12:38) wat saam met die Israeliete getrek het, wat daarvoor gekla het. Toe het die Israeliete ook begin kla en na die vleispotte van Egipte verlang. Daarom het God vir hulle gegee wat hulle gevra het. Hulle het egter só gulsig geëet dat hulle hulself doodgeëet het. So het 'n seëning 'n vloek geword, omdat hulle "lus" God se gesag en versorging bevraagteken het.

En so val baie gelowiges in sonde, omdat daar aan hulle sondige luste toegegee word. Dink maar net aan Adam en Eva. Daarom waarsku Jakobus: "n Mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood." Nie alles waarvoor jy lus is, is egter sonde nie. Want jy kan 'n lus hê na God se Woord, na gebed, om kerk toe te gaan, jou dankoffer te gee, of 'n lewe van gehoorsaamheid te leef. In Christus het ons immers die ou mens afgesterf, sodat die nuwe mens in ons kan opstaan. God het ook sy Gees vir ons gegee, wat ons lus maak om sy wil te doen.

Bid daarom elke dag dat God jou vir die regte dinge sal lus maak.

Sing: Psalm 25:1, 3 (1936-beryming)

Ds. Nelius van Rooy (Bethal)